



Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak



Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 9de April 2015 om 18:00 te BJV Klubhuis

1. Opening en verwelkoming:

Francois Malan verwelkom almal teenwoordig en Cor Olivier open met gebed.

2. Doelstellings:

Doelstellings word gelees deur Stephen Haynes.

3. Lief en Leed:

Ons het verneem van Hansie Botha wat 'n hartaanval gehad het, Sterkte Hansie en ons bly jy sterk goed aan.

4. Verjaarsdae:

Francois wens elkeen geluk wat in die maand verjaar.

5. Teenwoordig:

Teken rond gaande presensie lys.

6. Verskonings:

Dawie van Vuuren

Chris de Wet

Alwin Fleischmann

7. Vorige notule:

Die vorige notule word voorgehou. Nadia Venter neem notule. Voorsteller: Leon Whitehead, Sekondant: Tinus Erasmus.

8. Finansies & Administrasie:

Finansiële verslag word voorgelê: Giam Fourie syfers is wat op 1/04/2015 in die rekeninge was. Giam het vir ons kortliks voorgele wat die inkomste en uitgawes was vir Jnr 1, Intermediate en die Kleiduif opening. Hansie het 'n voorstel dat die spaar rekening gebruik word alleenlik vir die opleiding. Na oorweging is daar besluit om die rekening net so te los, wie weet dalk oor 'n latere tydperk is daar 'n doel vir hom.

Voorsitter (Francois Malan) Tel: 083 269 6477
Sekretaris (Philip Robbinson) Tel: 083 514 9840
Tesourier (Giam Fourie) : Tel: 079 509 1071

Ondervoorsitter Admin (Bosman Kruger) : Tel: 071 889 5034
Ondervoorsitter Opleiding (Tinus Erasmus) Tel: 082 739 0414
Sekretaresse: (Nadia Venter) Tel: 071 871 4710

BJV Spaarrekening	R 1 012.55
BJV Tjekrekening	R 17 933. 40
Money Market	R 23 034.22

9. Nuwe Lede & Toegewyde Status:

9.1 Nuwe Aansoeke:

Hein Oosthuizen	Goedgekeur
Johan van der Merwe	Goedgekeur
Ettiene Du Plessis	Goedgekeur
Riaan Combrink	Goedgekeur
Stefan Haynes	Goedgekeur
Adriaan de Jager	Goedgekeur
Marthinus van Vreden	Goedgekeur

9.2 Toegewyde Jagterstatus:

Miguel Dos Ramos	Goedgekeur
Juan Labuschagne	Goedgekeur
Thehan Goosen	Goedgekeur
Christo Toerien	Goedgekeur

9.3 Gevorderde Jagter Toekenning:

9.4 Chasa Toegewyde Sport Skut Aansoeke:

Neil Marx	Goedgekeur
Dicky Martitz	Goedgekeur

10. Notule Sake voortspruitend uit die vorige beplannings vergadering:

11. Klubhuis en Skietgrond

11.1 Klubhuis

11.2 Skietbaan

200m Koos Smit het vir ons pale en skadunet geborg om daar op te sit. Walt het gese hy sal help daarmee.

Geen skietsakkie word meer uitgeleen nie, omrede dit verdwyn. Nadia sal Sorg dat alle sakkies toegesluit word onder die kroeg se toonbank. As enige lid wil sakkies leen kan hulle op kantoor ure sakkies huur teen R20.00 Alle teikens sal ook voortans toe gesluit word, en as lede 'n teiken wil he sal Hulle daarvoor betaal en teken.

Tommie Schoeman van Trimcut het gesê hy sal bietjie die Lantana's wat so Wild raak vir ons trim dan het ons ook beter sig in die pad.

Dumelo moet elke oggend opgaan 100m baan toe en seker maak dat die Lede wat nie hulle goed opgetel het nie, dan moet hy skoon maak daar.

12. Skietdag: Voorseisoen 11 April 2015

Inskrywings gelde is S/S R60, .22 Posliga R40 en Kleiduif is R50. Braai pakkies sal beskikbaar wees teen R50 per pakkie en bykosse sal voorsien word.

Baanoffisiere vir skietdag: Francois Malan, Bryan Hyland, Cor Olivier, Armando Dos Ramos, Anita Smith, Martin Geldenhuys, Stefan Fourie en Opleiding Baan Offisiere is: Francois Geldenhuys en Christopher Hyland.

13. Opleiding

13.1 Jnr 1: Tinus gee terugvoering en bedank alle instrukteurs wat hand by gesit het om die opleiding 'n sukses te maak. Daar was 14 Jnr's opgelei op die naweek. Tinus bedank Inkonka en Venotte vir die bokkie wat hulle geborg het vir die slag. Mike Gamba word weereens bedank dat hy almal se magies so mooi vol gehou het. Kinders wat op die Jnr1 geslaag is moet 2 Skietdae bywoon by die tak voordat hulle op die Jnr 2 sal kan gaan. Die saterdag voor Jnr 2 gaan die leerders hier op die baan bietjie kom oefen.

13.2 Intermediate: 6 Leerders het die kursus gedoen en moes self tente opslaan en sorg vir hulle eie kos. Mike word weer bedank vir die kos vir die Instrukteurs. Inkonka en die eienaar vir die verblyf baie dankie dat ons altyd op julle kan staat maak.

13.3 Jnr 2: Tinus verduidelik dat Lamula waar die Jnr 2 altyd gehou word nie die jaar laat jag nie. Weereens het Inkonka ingestem om vir ons te help. Hansie sal net met die mede eienaars praat en bevestig wat die prys sal Wees op rooibok Ramme of varke. Geen vroulike dier sal gejag word nie, omrede die vroulike diere reeds ver dragbaar is daardie tyd van die jaar. Jnr 2 se fooie behoort bietjie op te gaan maar dit sal nie veel wees nie. Dit is maar net om die uitgawes te dek. Tinus verduidelik dat die eerste 10 Jnr's se vorms en fooie wat by Nadia is sal saam gaan op die Jnr 2 Jagtrip.

14. Jnr Jagters Stigtings Vergadering:

Hansie het op vergadering verduidelik wat die doel van die stigtings. Dit is vir die ouderdom van 13-18 jaar. Hansie vra of die dag Bestuur en Nadia teenwoordig kan wees. Francois gee Hansie toestemming om deur die web via epos en sms die nodige inligting deur te gee.

15. Jaggeleenthede

Francois vra as iemand weet van iets moet dit bietjie deur gestuur word.

16. Bestuurs Jagnaweek 24-26 Julie 2015:

Daar is 'n besluit geneem dat die Bestuurs Jagnaweek die jaar gaan plaas vind op Belvedere Musina. Bryan Hyland sal die nodige pryse ensv deur gee sodat die bestuur besprekings kan maak.

17. Algemeen

17.1 **Bryan Jones Moholoholo:** Francois vra of dit die vergadering se goed keuring sal dra as ons Tak vir Bryan Jones sy lidmaatskap deur sit as lewenslank. Francois verduidelik wat Bryan alles doen vir die Natuurbe-
waring. Vergadering het die voorstel goedgekeur, maar Bossie sê ons moet

net kyk dat ons nie op ander mense se tone trap nie. Miskien bietjie advertensie sal goed wees ook.

- 17.2 **Groeperings Skietdag:** Tommie van Trappers was hier en die vergadering het besluit op die kleur hemp wat ons sal aankoop vir die Groepering. Nadia moet net al die grotes en hoeveelheid by Tommy uitkry.
- 17.3 **Opleiding:** Tinus deel met die vergadering dat dit sy laaste jaar by Letaba se Opleiding sal wees. Hy gaan die leisels oorgee aan Bryan Hyland. Tinus gaan nogsteeds betrokke wees met die opleiding maar hy gaan meer konsentreer op ander takke wat se opleiding nie so goed verloop nie. Francois en die vergadering bedank Tinus vir al sy harde en lojale werk teen oor die opleiding.

Vergadering verdaag.

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op
Donderdag 9de April 2015 om 18:00 by die Klubhuis.

.....
Voorsitter